higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR-VLAK 3

(5050053)

7 November 2018 (X-Vraestel)
09:00 – 12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Punte sal nie vir eenwoordantwoorde toegeken word tensy die vraag dit spesifek vereis nie.
5. Skryf netjies en leesbaar.

NCVO

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Hierdie kurrikulum word in 'n prospektus en vakriglyn neergelê:

A Beplande
B Kennis
C Korrupterende
D Individuele.

1.2 Sleutelbeginsels van samewerkende leer:

A Positiewe interafhanklikheid
B Persoonlike bevorderende interaksie
C Individuele en groepsaanspreeklikheid
D Al bogenoemde

1.3 'n Formele bespreking waartydens een span 'n standpunt aanbied wat direk in stryd met 'n ander is:

A Simposium
B Bespreking
C Dinkskrum
D Debat

1.4 Deelnemers hersien na afloop van 'n gedeelde ervaring die feite wat na vore gekom het:

A Probleemoplossing
B Verduideliking
C Voorspelling
D Na-onderhoudvoering

1.5 Die eienskap om regverdig of onpartydig te wees, dus nie een se kant bo 'n ander te kies nie:

A Billikheid
B Kritiese onderrig
C Heroorweging
D Meer as jou plig doen

(5 × 1) **[5]**

NCVO

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n woord in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Vertroudheid	A	die gesteldheid of eienskap van ingewikkeld wees
2.2	Implementeer	B	persoonlike kennis of inligting oor iemand of iets
2.3	Eenvoud	C	gegrond op wat 'n mens verkies
2.4	Kompleksiteit	D	om toe te pas
2.5	Feitelike data	E	gebruik 'n konsep of idee om iets te verduidelik
2.6	Voorkeur	F	doen iets stapsgewys
2.7	Konseptuele	G	skenk deeglike oordenking of oorlegpleging
2.8	Verwerking	H	kan nie aangeraak word nie; vaag of onduidelik
2.9	Oorweging	I	die toestand of eienskap om ongekompliseerd te wees
2.10	Sistematiese	J	geestesbeelde wat uit konkrete data geskep word, bv. 'kat', 'stoel' of 'oond'
		K	ontleding en bespreking van data

[10]

VRAAG 3

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Kinders leer om as deel van 'n groter (gemeenskap/terrein) te funksioneer.

3.2 (Heterogeniteit/Bekwaamheid) is 'n samestelling van ongelyksoortige of andersoortige dele of verskillende elemente.

3.3 Om iemand aan te moedig en aan te spoor, is om hulle te (prys/prosedeer).

3.4 Wanneer ras of etniese oorsprong of affiliasie ter sprake is, staan dit bekend as (toerekenbaarheid/etnisiteit).

3.5 Om iets uit die kop te leer beteken om dit (van buite te leer/deur waarneming te leer).

Kopiereg voorbehou

3.6 (Replisering/Leertempo) is die snelheid waarteen die leerder leer.

3.7 (Beroepsonderwys/Tradisionele onderwys) fokus nie op akademiese vakke nie.

3.8 (Samewerking/Dokumentasie) is die skriftelike rekord van iets.

3.9 Om te (emuleer/evalueer) is om iets te beoordeel wat begin ontwikkel.

3.10 (Makro/Meso) -beplanning is algehele, grootskaalse, omvattende beplanning.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

verklarende leer; herleiding; navorsing; deelnemende leer; rolspel; oriëntering; selfagting; onderrigstrategie; eksperimentele metode; penaliseer; flitskaarte; interaksie; bemiddeling; plakkate; meewerk; kognitief; affektief

4.1 Die breë plan van aksie vir onderrig.

4.2 Die opvoeder is in die middelpunt van leer.

4.3 Die leerder speel 'n sentrale rol.

4.4 Leer word deur middel van verkenning, selfontdekking en waarneming gedoen.

4.5 Nadat een leerder 'n vraag beantwoord het, vra die onderwyser die ander klasmaats om iets tot die bespreking by te voeg.

4.6 Onderrigmetode waartydens denkbeeldige situasies deur toneelspel uitgebeeld word om die leerder te help leer.

4.7 Om 'n sistematiese ondersoek uit te voer, met die hoofdoel om die verlangde kennis en inligting te ontdek.

4.8 Lei en maak opvoeders meer gemaklik met die nuwe kurrikulum.

4.9 Om op die een of ander manier te straf.

Kopiereg voorbehou

4.10 Gryp in om konflik op te los, werk saam met albei kante om hulle te help om 'n ooreenkoms te bereik.

4.11 Voel vol selfvertoue en eiewaarde.

4.12 Kaarte met sleutelwoord of –beelde wat vinnig vertoon word en as 'n leerhulpmiddel gebruik word.

4.13 Hoe 'n mens met ander aansluiting vind en kommunikeer.

4.14 Om saam te werk in 'n gesamentlike intellektuele poging.

4.15 Die verstandelike prosesse van dink, leer en redeneer.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 5

5.1 Noem Bloom se Taksonomie van die laagste vlak na die hoogste in die korrekte volgorde. (6 + 1) (7)

5.2 Noem DRIE soorte uitkomste. (3)

5.3 Skryf VYF sleutelbeginsels van samewerkende leer neer. (5)

5.4 Omskryf die volgende:

5.4.1 Kritiese onderrig

5.4.2 Meer as jou plig

5.4.3 Deduktiewe onderrigstrategieë

5.4.4 Probleemoplossing

5.4.5 Veeltaligheid

(5 × 2) (10)

5.5 Noem die VYF beginsels waarop die kurrikulumontwerp berus. (5 × 2) (10)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 75

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Beskryf kortliks VYF elemente wat ingesluit moet word wanneer jy 'besprekings' in 'n onderrig-leeromgewing gebruik (5 × 2) (10)

6.2 Skryf VYF funksies van vraagstelling as 'n onderrigtegniek neer. (5 × 2) (10)

6.3 Noem VYF soorte vrae. (5)
[25]

VRAAG 7

7.1 Noem en verduidelik VYF tipes onderrigbeginsels. (5 × 2) (10)

7.2 Me Hugo is 'n opvoeder by Anchor Primêre Skool. Sy onderrig Graad R. Haar tema vir die week is 'Op die plaas'.



7.2.1 Watter soort praktiese idees kan sy in haar lesse in die klaskamer inkorporeer? (3)

7.2.2 Noem praktiese idees buite die klaskamer wat sy in haar les kan inkorporeer. (3)

7.2.3 Hoe kan me Hugo 'n leerder met 'n fisiese gestremdheid in die klaskamer akkommodeer? (4)

7.3 Een van die beginsels in samewerkende leer is 'persoonlike ('face-to-face') bevorderende interaksie.

Bespreek hoe interaksie tussen leerders plaasvind. (5)
[25]

VRAAG 8

8.1 Illustreer die verskil tussen die tradisionele en UGO-benadering tot onderwys. (5 × 2) (10)

8.2 Die akkommodering van leerders met spesiale behoeftes vorm 'n onlosmaaklike deel van ons onderwysstelsel.

Noem VYF algemene riglyne wat 'n onderwyser kan volg wanneer hy of sy leerders met spesiale behoeftes onderrig. (5 × 2) (10)

8.3 Gee jou mening oor UGO-onderwys. (5)
[25]

VRAAG 9

9.1 Skryf die VIER fases van kurrikulumontwikkeling neer. (4)

9.2 Noem die DRIE vernaamste maniere om die tradisionele beginsel te implementeer. (3)

9.3 Noem die DRIE doelstellings van die beginsel 'duidelikheid van fokus op betekenisvolle uitkomste'. (3 × 2) (6)

9.4 Beskryf kortliks wat billikheid en maatskaplike geregtigheid vir jou as 'n student in die TBOO-sektor beteken. (5)

9.5 Beskryf VIER kernwaardes van die grondwet. (4)

9.6 Wat verstaan jy onder die *'verborge kurrikulum'*? (3)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10



GEVALLESTUDIE:

Susan is 'n vyfjarige meisie wat probleme ondervind om te skryf. Sy sukkel om die potlood op die regte manier vas te hou. Haar hand en arm raak vinnig moeg.

10.1	Gee SES wenke om Susan met haar skryfprobleme te help.	(6 × 2)	(12)
10.2	Skryf die VIER stappe neer wat gevolg moet word wanneer 'n mens vir die gevallestudiemetode voorberei.	(4 × 2)	(8)
10.3	Wat is die doel van navorsing?		(4)
10.4	Gee die betekenis van *'pedagogie'*.		(1)
			[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou